

2017-KONGRESBESLUTE

Kommunikasie en Beeldbou

1. Die kongres besluit dat die bestaande Agri NW kommunikasie strategie verder moet uitgebou word, sodat Agri NW meer gereeld en meer direk met sy lede kommunikeer bv. d.m.v. WhatsApp.

Eiendomsregsekerheid, Grondsake en Produsente-ontwikkeling

1. Die kongres besluit dat Agri NW hom sal beywer om, d.m.v. Agri SA en ander platforms, regeringsbeleid sodanig te beïnvloed dat eiendomsregsekerheid bevorder word en 'n markgerigte ekonomiese vir Suid Afrika behoue bly. Dit sluit ook in die ontwikkeling en uitvoering van 'n weldeurdagte nasionale kommunikasie strategie wat verskeie media- en ander platforms insluit om die beeld van kommersiële landbou dramaties te verbeter by die algemene publiek.
2. Private besitreg moet ook in kommunale gebiede aangemoedig en bewerkstellig word, om hierdie gebiede se kommersiële potensiaal ten volle te ontsluit.
3. Die kongres verwerp enige vorm van beleid of wetgewing wat ten doel het om die beginsel van volle vergoeding van eiendom en eiendomsregsekerheid nadruklik te beïnvloed. Die kongres doen 'n beroep op Agri SA om grondeienaars sterk te verteenwoordig op elke forum wat oor grondhervorming handel en dat die gelykheidsbeginsel altyd as vertrekpunt gebruik sal word.
4. Die kongres ondersteun 'n grondhervormingsplan wat 'n stabiele en lewensvatbare landbousektor oor die lang termyn as hoofdoel het. Om dit te bereik, is dit noodsaaklik dat hervorming:
 - a. holisties benader word;
 - b. daartoe sal lei dat produsente (ongeag ras of ouderdom) bemagtig word om hulle eie toekoms te bepaal;
 - c. daartoe sal lei dat nuwe toetreders titelaktes in hulle eie name verkry;
 - d. nie verpligtend wees nie, maar met aansporingskemas gepaard gaan wat deur korruptievrye en tegnies goed opgeleide personeel bedryf word;
 - e. ekonomies en finansieel sin maak en die realiteit van verskillende produksie vertakkings in ag neem – buigbaarheid is dus noodsaaklik; en
 - f. nie noodwendig eksklusief van die staat afhanklik is nie en dat publieke-private vennootskappe aangeknoop kan of moet word.

Uitvoerende Komitee

President: Pierre Vercueil – 082 524 8636

Vise-president: Cobus van Zyl – 083 283 7076

Vise-president: Willem De Chavonnes Vrugt – 082 946 2303

Uitvoerende Hoofbestuurder: Boeta du Toit – 082 388 1722

Adjunk-Hoofbestuurder: Naudé Pienaar – 082 776 8283

Landelike Veiligheid

1. Die kongres besluit dat paraatheid en veiligheid op plaaswerwe verbeter moet word en beveel aan dat Agri NW lede met inligting bedien word t.o.v. 'n noodplan vir die plaaswoning en werf, wat insluit gekoppelde alarmstelsels, kamerastelsels, selfoon toepassings, vuurwapenbehendigheid en ook om lede te voorsien van inligting m.b.t. hul regte indien 'n betreding plaasvind of indien hul self gearresteer en aangehou word.

Mededingendheid en volhoubaarheid van die Suid Afrikaanse landbou

1. Die kongres neem kennis dat landbou se mededingendheid internasionaal afneem oor tyd. Die kongres besluit derhalwe dat die fokus van georganiseerde landbou moet wees om die mededingendheid en produktiwiteit van die landbousektor te verbeter.
2. Indringend ondersoek gedoen word deur Agri SA na die moontlikheid vir die totstandkoming van 'n Landboubank.

Ramphulp

1. Die kongres besluit om Agri SA te steun in die ontwikkeling van die "slim-ramphulpverleningsplan"

Voorgestelde hersiene Agri SA struktuur

1. Die kongres bevestig die noodsaklikheid om landbou-organisasies in die algemeen meer vaartbelyn en relevant vir die toekoms te maak.
2. Die kongres neem kennis van die voorgestelde hersiene Agri SA struktuur en besluit om Agri SA te ondersteun met dien verstande dat provinsiale affiliasies (produsente) se insette steeds as die kern van beleidsrigting bepaling sal wees.

Strukture binne georganiseerde landbou

1. Die kongres besluit dat ondersoek gedoen en daar gerasionaliseer sal word indien nodig binne georganiseerde landbou instansies/organisasies, insluitende koste en koste strukture.